

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 164**

(Maart 1982)

## **Die Kerk en ek**

En Ek sê vir jou: Jy is Petrus,  
En op hierdie rots sal Ek my  
gemeente bou, en die poorte van  
die doderyk sal dit nie oorweldig  
nie.

(Mat. 16:18)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# BINNE OF BUITE DIE KERK.

Só maklik word kategorieë gesê: Ek kan my God nêr so goed buite die kerk as binne die kerk dien. Daarom is kerksaak nie so belangrik en akute as wat voorgesê word nie; daarom is meelewing met die kerk hoegenaamd nie noodsaaklik nie.

Nee, kyk, ek dien my God net so goed buite die kerk as jy binne die kerk. Op die golfbaan, langs die viswaters, in die oopte van die natuur ervaar en beleef ek my godsdiens baie beter as binne die vier mure en die bedompigheid van 'n gebou.

Kerksaak, meelewing en al daardie dinge wat so pertinent van 'n kerklidmaat verwag word ... dis outyds ... dis onnodig. Nee wat, die kerk moet nou ten ene male sy aanpassing by die tyd en by die mens maak. Die kerk moet terug ... die kerk moet herleef.

Klink dit vir jou bekend?

Redeneer jy ook soms so?

Of dink jy nie ook maar somtyds so nie?

Voordat jy nou ophou met lees; voordat jy nou dink: Hierdie skrywer praat darem nou so reg in my kraal, luister eers wat sê Paulus; luister met watter beeld beskryf hy die kerk!

Paulus sê in Romeine 12:5 . . . ja hy sê dit in I Korintiërs 12:27, ook in Efesiërs 1 — en baie ander plekke. Ja, Paulus sê in Kolossense 1:24: Die gemeente, die kerk is die *liggaam* van Christus.

Sien jy die beeld?

Die kerk is: **LIGGAAM VAN CHRISTUS!**

En ons? Die lidmate van die kerk? Ons is . . . **LEDE** van daardie liggaam!

Dink nou vir 'n oomblik aan u eie liggaam. Kan 'n deel of ledemaat van u liggaam bly voortbestaan lós van u liggaam? Kan jy jou arm of been afsny, eenkant neersit en dink dat dit sal bly lewe? Dis tog onmoontlik! 'n Lid van die liggaam wat losgeruk word, sterf. Dit vergaan.

Kan jy dan as lid van die liggaam van Christus (van die kerk) los, eenkant staan en dan nog dink jy sal bly lewe buite die liggaam — buite die kerk? Nee, jy is dan dood,

— jy sterf die liggaam af. . .

— erger nog . . . jy sterf Jesus Christus af.

En let maar op — as die Heidelbergse Kategismus in Sondag 21 die kerk op die oog het, lees ons in die antwoord: Ek is van die kerk "'n *lewende* lid" vir ewig.

Ek is nie 'n losgerukte lid nie . . . nie 'n lid buite die liggaam nie . . . nie 'n afgestorwe, dooie lid nie . . . Nee, ek is 'n *lewende* lid vir altyd en ewig!

Kan 'n deel of ledemaat van u liggaam bly voortbestaan lós van u liggaam?

Sien jy — maak dit dan nog nie meer saak of jy binne of buite die kerk is nie? Natuurlik maak dit saak. Want as jy wil redeneer: Buite die kerk kan ek net so goed my God dien as binne die kerk, dan wil jy eintlik iemand probeer oortuig dat 'n mens 'n vierkantige sirkel kan kry. Dit bestaan tog nie — 'n sirkel is rond.

Net so ken die Bybel slegs 'n gelowige *binne* die kerk, of . . . glad nie gelowig nie.

Die Bybel ken 'n lid van die liggaam van Christus wat *lewe* binne die kerk, of . . . 'n dooie lid

wat tog géén lid meer is nie.

Maak erns met u kerklidmaatskap.

Gaan soek die liefde van Christus in sy liggaam.

Word weer 'n lewende lid van sy liggaam ... en jy sál dit bly vir ewig, omdat Jesus Christus ook jóú Verlosser is.

Ja, omdat die poorte van die doderyk en die hel die Kerk van Christus nóóit sal oorweldig nie.

***Nico Ligthelm.***

# ***Wat is Ware Geloof?***

Die Bybel leer dat nie alle mense salig word nie, nie alle mense is bestem vir die hemel nie — daar is baie wat in die hel gaan beland. En nou sê die Bybel dat daar net één manier is om die saligheid te verkry, en dit is om deur 'n ware geloof in Christus ingelyf te wees.

Geloof kan nooit net kennis wees nie, want dit is koud en liefdeloos en hoogmoedig. Geloof kan ook nie net vertrouwe wees nie, want dan sou dit oppervlakkig wees en van verbygaande aard.

Hiermee word die kwessie van 'n ware geloof vir ons van die allergrootste belang. Om waarlik te glo of nie — daarvan hang so oneindig baie dinge af.

Vir ons saligheid is die geloof noodsaaklik.

Dit beklee 'n onmisbare plek in die weg tot verlossing. Daarsonder kan ons God nie behaag nie. Daarsonder kan ons nie in Christus ingelyf wees nie. Daarsonder kan ons nie salig word nie.

Om waarlik te glo, moet ek twee dinge doen:

Ek moet *ken* en ek moet *vertrou*. 'n Ware geloof is 'n gewisse *kennis* van die Woord van God — en daarom van God Self; en 'n ware geloof is 'n vaste *vertroue* dat die beloftes van die Bybel ook op my van toepassing is — 'n vaste vertroue op God.

Geloof kan nooit net kennis wees nie. Want dit is koud en liefdeloos en hoogmoedig. Dan sou selfs die Satan ook kon glo, want ook hy ken God en sy Woord.

Geloof kan ook nooit net vertrouwe wees nie. Want dan sou dit oppervlakkig wees, en van verbygaande aard. Hoe kan ons in iemand glo sonder om Hom ook te ken?

Geloof is altyd kennis *en* vertroue: 'n Gewisse kennis van God en 'n vaste vertroue op God.

Kennis nie net van die objektiewe feite van die Bybel nie, maar ook van die eise en opdragte van die Here en die daadwerklike uitvoering daarvan.

En vertroue wat die Heilige Gees in my hart werk, waardeur ek aanvaar dat ook aan my die vergewing van sondes en die saligheid geskenk is uit louter genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus. Dit is 'n ware geloof, en só moet ek glo.

Só maak ek die genade, die liefde, die gawes van die Here Jesus ook my eiendom.

So weet ek dat Hy vir my kom sterf het; my sondes kom vergewe het; aan my sy liefde kom betoon het; my weer 'n kind van God kom maak het; my wil versorg met alle goeie dinge; aan my sy Heilige Gees gegee het; en my eendag sal opneem in sy heerlijkheid.

Die inhoud van my geloof is alleen maar die Bybel as die Woord van God.

Die geloof rig hom op die Woord, en die Woord voed die geloof. Wie waaragtig glo, erken dat die Bybel met Goddelike gesag heers oor die hele mens vir tyd en ewigheid.

Wie waarlik glo, buig hom nederig en ootmoedig voor die absolute gesag van die Woord.

Wie die gawe van só 'n geloof ontvang het, se lewe is vasgeanker in die onveranderlike beloftes van God — te midde van die wêreldstorms wat rondom ons woed.

En dan mag ons gewis en seker weet: Eenmaal sal ons geloof oorgaan in aanskouing. Eenmaal sal ons God aanskou in sy heerlijkheid — en dan sal ons verstom staan oor die wonder van sy genade!

***Ds. Pieter van der Walt.***

# Die Hiernamaals —

## Hoe sal dit wees?

Daar sterf gemiddeld drie mense per sekonde op die aarde. Gedurig staan daar treurende mense rondom die sterfbed van 'n dierbare of rondom 'n oop graf.

Die sekel van die dood staan nooit stil nie. Dit maai dag en nag, somer en winter, jaar in en jaar uit.

En die dood is so pynlik en bitter, so wreed en finaal, so geheimsinnig en onbekend.

Maar nou het die gelowige die sekerheid: die dood is tog nie die einde nie. Die dood is die deurgang tot die ewige lewe. Die dood bring die ware lewe aan die lig.

Want Jesus Christus het vir ons die dood oorwin, dit sy verskrikking ontnem.

En wie aan *Hom* behoort, kan seker wees dat hy eenmaal uit sy graf sal opstaan en 'n lewe in ewigheid sal ontvang, waar die dood nie meer sal wees nie.

Oor die lewe hierna bestaan by baie mense allerhande vrae in die gemoed.

Die Bybel openbaar aan ons enkele sake hieroor. Meer as wat die Bybel daarvoor sê, kan ons nie weet nie, en wil ons ook nie weet nie, want wat vir ons goed is om te weet, het God aan ons geopenbaar.

Een van die dinge wat die Bybel hieroor sê, is dat die siel van die gelowige *dadelik* na hierdie lewe in die heerlijkheid van die hemel opgeneem word, om daar in salige gemeenskap met Christus te verkeer.

Daar is 'n onmiddellike oorgang van die aarde na die hemel, geen tydsverloop, geen bewaarplek, geen vagevuur nie.

Maar nie net die *siel* van die gelowige het deel aan die ewige geluksaligheid nie. Ook die *liggaam* sal daaraan deel kry.

Jesus is die volkome Saligmaker van die hele mens, na siel en liggaam.

En so praat die Bybel van die dag van die opstanding, wanneer die siel weer met die liggaam verenig sal word.

Die heel eerste gebeurtenis wat op die wederkoms van die Here Jesus volg, is die opstanding van die dode.

Die wyse waarop dit sal geskied, is vir ons 'n verborgenheid. Al wat ons weet, is dat dit 'n almagtige skeppende daad van God sal wees. Die liggaam wat ons dan sal ontvang, sê die Bybel, is 'n verheerlikte liggaam, onsterflik en onverganklik.

Uit die vernederde liggaam wat begrawe is, herskep God 'n verheerlikte liggaam — 'n liggaam in volle bloei en skoonheid en krag.

Hulle wat hier deur ouderdom verswak was, en ook die klein kinders wat hier te sterwe gekom het, sal liggame besit soos die verheerlikte liggaam van Christus — 'n liggaam in volgroeide fleur.

Almal wat hier lewensmoeg was, vol siekte en pyn, sal daar volmaak wees, sterk en onvermoeid en sonder pyn.

Daar sal geen geweens en droefheid en moeite meer wees nie; niemand sal honger of dors hê nie.

Daar sal geen huwelik meer wees nie. Die gemeente van Christus is dan voltallig, en geen voortplanting is meer nodig nie.

Aan tyd en ruimte sal die verheerlikte liggaam nie meer gebonde wees nie. Groei en verandering en veroudering sal nie meer plaasvind nie. Die teenswoordige natuurwette van swaartekrag en lugdruk en wat daarmee saamhang, sal geen effek meer hê nie.

En in daardie verheerlikte toestand sal die gelowige dan die ewige lewe ontvang; die "volkome saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en in die hart van geen mens opgekome het nie".

Daar sal ons God sonder enige beperking kan ken en liefhê.

Daar sal ons die weelde van ewige vreugde kan smaak: Om altyd by die Here te wees. Daar sal ons as kinders van God tuis wees in die ewige Vaderhuis, om Hom daarin ewig te loof en te prys!

***Ds. Pieter van der Walt.***

# MAAR NET KERK?

'n Toneel van 'n ou plattelandse dorpie is net nie volledig as daar nie 'n kerk by is nie.

Dit was nog maar net altyd so in ons volk se geskiedenis — alles het om die kerk gedraai. Dit is die middelpunt. Ons is mos 'n christen- en christelike volk. Maar deur die geskrewe woord kom ek nou langs jou sit en wil ek jou vra: Wat is jou verhouding met die kerk?

'n Kerk is maar net 'n kerk?

Nee, dit is 'n verkeerde stelling.

Die kerk is 'n instelling van God. Die lidmate van die kerk is mense wat iets besonder omtrent die Here Jesus op die hart het.

U sal onthou dat Jesus eers aan sy dissipels gevra het: "Maar wie sê julle is Ek?" Hierop het Petrus die pragtige belydenis uitgespreek wat ons vandag nog vol van geloofsoortuiging laat jubel: "U is die Christus, die Seun van die lewende God, wat in die wêreld sou kom." Op die rots van dié belydenis bou Jesus dan ook sy gemeente.

'n Kerk moet dus 'n belydenis hê. Wat dink daardie kerkmense van Jesus Christus?

Wat dink jy van Jesus? Voor jy die vraag antwoord, sê net eers vir my wat dink jy van die Bybel, die Woord van God? Op hierdie vrae verwag ek nie 'n antwoord nie, maar laat dit aan jouself oor. Elke gelowige kerklidmaat moet die vrae elke oomblik van sy lewe toets.

Ons moet God op Sy Woord vat. Daarom moet ons die Woord bestudeer dat ons kan toets of die preke suiwer volgens die Skrif is. Hieroor moet die ouderlinge waak met groot verantwoordelikheid voor God.

'n Getroue kerkmense moet ook sakramente gebruik — die doop en nagmaal.

By die doop beloof ek om my kind in die verbond met God op te voed in die vrees van die Here, omdat my kind ook aan God behoort.

Die nagmaal, wat bedien word soos Christus dit ingestel het, moet my daarop wys dat as ek worstel met my sondes en ek waaragtig voor God bely — dat Christus reeds my sondes al aan die kruis weggeneem het.

Die nagmaal en die doop is stukkies sigbare preke om my beloftes van die Evangelie beter te laat verstaan en begryp.

Ook is die tug nodig in die kerk. 'n Mens tugtig mos jou kind omdat jy hom liefhet. Jy laat hom mos nie aan homself oor nie.

So laat die kerk ook nie sy lidmate aan hulleself oor nie. Ons wil hê jy moet by ons en deel van ons gemeenskap van gelowiges wees. Die kerk is soos een groot huisgesin. Elkeen loop tog nie in 'n gesin sy eie pad nie. Ons hou kontak met mekaar. En as jy van die nagmaal afgehou is, is dit omdat die kerk jou liefhet en jy jou eie pad gaan loop het. Die kerk van die Here wil hê jy moet elke Sondag luister na sy Woord om versterk te word in jou geloof.

Jy is waardevol in die oë van die Here. Sonder jou is die kerk nie vol nie, so belangrik is jy.

God het jou lief en die kerk het jou ook lief.

Kom vat dan saam met my God op sy ewige Woord.

**Ds. Andries H. Mulder.**

## Die Boodskap van Troos

Ek behoort aan die Here. Dit is my troos.

Om getroos te wees, is om die mooie deur my trane raak te sien. My trane moenie my oë laat toekny nie. Ek moet God altyd raaksien — sy hand in my lewe. Om getroos te wees in die Here beteken om dubbel uit sy hand te ontvang, juig Jesaja dit uit.

God stuur sy Seun Jesus om ons te kom troos. Hy gee aan ons terug wat ons deur die sonde verloor het. Liefde.

Liefde. Ja, Adam sê nie meer na die sondeval dat die vrou vlees en been van sy vlees en been is nie. Hy sê sommer net: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees."

Jesus se vleeswording was die openbaring van God se geweldige liefde vir ons.

Deur sy liefde bevry Hy ons nie net van Satan nie, maar bind Hy ons aan Hom vas dat ons aan Hom behoort.

Hy het ons gekoop. Nie met geld nie. Deur die eeue se inflasie was dit dan niks werd nie. Hy koop ons met Sy bloed — Sy lewe. Vandag is die lewe nog net so waardevol en kosbaar as eeue gelede. Lewe is 'n gawe van God. Hy skenk dit aan ons!

In ons plek sien Hy die rug van sy Vader raak wat besig is om van Hom weg te stap — Hom verlaat. Hy sien die afgryslieke grynslag van Satan wat op Hom toesak.

Hy roep: My God, my God, waarom het U My verlaat? So roep die mens sonder God dit ook in sy sterwe uit. Treur jy ook soms in God? Salig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word (Mat. 5:4).

Voor God staan troos teenoor treur. In Openbaring 7:17 lees ons dat God alle trane van hulle oë sal afvee.

Dit is trane wat in nood en smart hier op aarde uit jou liggaam gepers word. Om ons verlies te herstel, het ons 'n ware Trooster nodig.

'n Trooster met baie liefde.

'n Trooster vol van wysheid.

'n Trooster wat in staat is om alle trane van ons oë af te vee.

Dit kan net Jesus Christus alleen wees. Hy is die ware Trooster.

Jesus noem die Heilige Gees 'n *ander Trooster*. Die Gees van waarheid. Die Heilige Gees is ook ware Trooster. Maar die Heilige Gees oortuig ons van ons sonde. Die Heilige Gees bid ook vir ons by die Vader. Die Heilige Gees oortuig ons ook van vergewing van sondes en van die oordeel.

**My God, my God, waarom het U My verlaat? So roep die mens sonder God dit ook in sy sterwe uit.**

Die Heilige Gees lei ons na die Here Jesus toe, waar ons vergewing van sondes kan ontvang in Sy bloed. Aan die voete van die Here Jesus word ons geleer dat dié lewe nie die doel, die een en die al is nie. Hierdie lewe is net 'n deurgang na die ewige lewe waar God alles sal wees in elkeen van ons. In die Kerk, die gemeenskap van die gelowiges, versterk ons mekaar en bemoedig ons mekaar, dat ons op God sal vertrou onder alle omstandighede.

Glo jy 'n mens?

Hoekom sal jy die boodskap van God nie aanvaar nie?

**Ds. Andries H. Mulder.**



## *Troos in Troosteloosheid.*

Dood. Vermoor. Dood in geweld. Dood in 'n padongeluk. Dood in 'n landmynontploffing. Knellende droogtes. Vloedrampe.

Elke dag hoor jy, lees jy en sien jy hoe hierdie ontsagwekkende spore getrap word in die lewe van mense.

Huwelike wat ontbind deur die aanslag van satan op die lewe van die mens. Ouers wat nie meer in staat is om gesag uit te oefen oor hulle kinders nie. Kinders wat weer die gesag van hulle ouers verwerp.

Mense wat die drukte van die lewe nie meer kan vat — wat aan die eise van die getik van die horlosie nie kan voldoen nie. Mense wat vlug na ontvlugting in allerlei dinge soos drank, pille, lawaai van musiek lê voor die hand. Waar staan ek in dié stryd van ontsetting? Die horlosies tik nie meer sekondes af nie, maar skuif elektronies breukdele van sekondes voor my oog in. Elke uur wat verby is, sein my horlosie my oor in dat nog 'n uur verby is in die lewe van die mens op aarde.

Wat 'n tyd!

Inderdaad 'n tyd waarin daar gesoek word na ware vriende. 'n Hegte handdruk. 'n Egte blik van simpatie in die dag van nood en dood. Waar is tog iemand wat net kan sê: "Dit is nie so erg nie. Dit sal weer beter gaan"?

Troos. Ja, dit is wat ons soek.

Troos. Met *Innige simpatie*, of met: *Ek is jammer*, word daar gepoog om iets terug te gee vir 'n verlies wat jy gely het.

Kom, geliefde leser, plaas 'n oomblik die gejaag vorentoe eenkant, en kom kyk 'n oomblik terug na die tyd toe die tyd begin het. Daardie tyd het God gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld.

Ons het beeld van God geword, deur God self so gemaak. Dit is om kind van God te wees. Dit is om die ewige lewe te hê, en deel van die ewige lewe te wees.

Maar diep was die val in die sonde. Die beeld is verpletter. Die skerwe het gespat en die mens het die dood leer ken: Die dag as jy van die boom van kennis van goed en kwaad eet, sal jy die dood sterwe.

Ons het kinders van die sonde geword.

Wat 'n geweldige verlies!

Maar dan stuur God sy Seun, Jesus Christus, as Trooster. Hy gee vir ons terug wat ons verloor het. Hy tel die brokstukke op en herstel die beeld. As Hy dit voltooi het, dan roep Hy aan die kruis: Dit is volbring.

Hy sê: My skape, luister na My stem

Hy leer ons bid: Onse Vader wat in die hemele is. Wie vir God *Vader* sê, is tog Sy kind. Dit maak van ons kind van die ewige lewe.

Laat die eise van die tyd jou tog saam met my terugjaag na die vleuels van die gebed waar my oog opgetel word om die dinge van die ewigheid raak te sien.

'n Kind word mos nooit 'n huurling nie.

**Ds. Andries H. Mulder.**